

Hoofstuk van die dag: Esegiël 33

> *Mens, Ek het jou die wag vir Israel gemaak. Wanneer jy by My die opdrag ontvang, moet jy hulle namens My waarsku. (Eseg 33:7)*

Soos Esegiël Israel se brandwag was, so het die Here Jesus ons

ook met ’n boodskap die wêreld ingestuur (Joh 20:21; vgl 2 Tim 4:2). Wat God hier vir Esegiël sê, is dat sy getrouheid aan hierdie opdrag gevolge het vir sy hoorders én vir homself as getuie. Die Here beoordeel ons volgens ons doen en late; nie net volgens dit wat ons doen nie, maar ook volgens dit wat ons nié doen nie. Dis nou as jy anderpad kyk en verbystap sonder om ag te slaan op die nood van die mense wat oor jou pad kom, soos die priester en Leviet gedoen het in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk 10:30-37).
Soms voel dit vir jou dit help nie. Die mense steur hulle nie aan jou nie, net soos dit kan gebeur dat die stad hom ook nie aan die brandwag gesteur het nie (vers 4). Partykeer word hulle vir jou kwaad, of ignoreer jou. Maar jy moenie ophou of moedeloos word nie (vgl Eseg 3:11). Want dalk, net dalk, steur hulle hulle tog aan jou. En dan het jy iemand se lewe gered.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026